Foto ter illustrasie



# KAN GELD JOU LIEFDE KOS?

**Paartjies maak dikwels finansiële opofferings vir mekaar, maar soms is dit net te veel gevra en ly jou verhouding daaronder.**

**DEUR MARTELI BREWIS**

Wanneer paartjies se liefdesvuur die hoogste brand, voel dit of niks ooit tussen hulle kan kom nie – allermins geld!

Maar finansies is egter een van die hoofredes hoekom 'n verhouding verbrokkel of getroudes in die skeihof draai. Geld kan baie maklik en vinnig groot issues veroorsaak, veral as een maat voel hulle moet heeltyd die opofferings in die verhouding maak.

Byvoorbeeld as jy die enigste broodwinner is omdat jou maat siek word of as hy sy werk wil opgee om verder te gaan swot of sy eie besigheid wil begin. Wat as hy elke maand 'n groot deel van sy salaris moet afstaan aan sy eks of familie?

Dít is maar net 'n paar van die geldopofferings wat onmin tussen paartjies kan veroorsaak.

Vir die Kapenaars Janine de Grill (41) en haar man, Craig (42), is groot finansiële opofferings deel van hul lewe. Janine het 'n suksesvolle korporatiewe loopbaan gehad.

In 2008 is sy gediagnoseer met non Hodgkin's lymphoma (limfoïede-weefselkanker). In daardie stadium het sy die meeste verdien, maar moes uiteindelik bedank omdat die behandeling te uitmergelend geword het.

Craig moes nie net die finansiële verantwoordelikheid ten volle op homself neem nie, maar ook grootliks die huishouding en kinders. Dít het twee jaar aangehou en in hierdie tyd moes die gesin met een salaris oorleef. Hulle het op 'n baie streng begroting geleef en daar was geen geld vir ekstras nie. "Die bank het konstant ons huis en kar probeer vat," onthou Janine.

In 2010 het hulle besluit om hul